



Die Reformatoriese Studiebybel

Prof. Johan Bosman

Alles begin by 'n plaasaanval

Dit het gebeur kort nadat ek by die AP Akademie in 2009 begin doseer het. 'n Plaasaanval. In die buurt van Bronkhorstspuit. Job en Inneke Legemaat en hulle gesin het deurgeloop onder outomatiese geweervuur. Erg getraumatiseer ... Moes vir beskerming onder meer dik staalplate by die huis aanbring.

Intussen ry ek op daardie stadium nog elke week vanaf Lydenburg na die AP Akademie. Dit is egter wanneer ek in die aande van huisbesoek af terugkeer, veral ná 21:30, dat ek vreemde dinge gewaar: byvoorbeeld 'n los takkie by ons woning se oprit. Nog niks geweet van aanvalstekens nie. Een van die jong boere, Gerhard van Antwerpen en sy vroujie Christelle, kom kyk. Op hulle aanbeveling help Lukas Swart, spesialis op die voorkoming van plaasaanvalle, ons. Die onwelkome verrassing van 'n ongewenste motor in ons erf met ongeveer 6 "bravo's", draai – Goddank – verkeerd uit vir die aanvallers. Hulle aanval misluk.

Die sin van dit alles? Wel, ten minste hierdie ding. Lukas bring vir Job en Inneke met my in aanraking. Deur ons kontakte (wat met 'n beradingsessie begin het) kruis my pad in 2015 met ds. Jan Weststrate en die *Gereformeerde Bijbelstichting* te Nederland (GBS). So ontstaan maandelange voorbereiding tot op 31 Januarie 2017, toe die vertaalspan, leeskommissie en redaksie vir die eerste keer amptelik by die AP Akademie saamgekom het vir die vertaling van die Statevertaling met verklarende aantekeninge in Afrikaans.

Vertaalspan, leeskommissie en redaksie

In Nederland het die gebruik ontstaan om te praat van die "regterflank" van die gereformeerde-gesindes. Dit is mense uit verskillende kerklike gemeenskappe wat met hartlike, deurleefde oortuiging die gereformeerde

belydenisse onderskryf. Hier in Suid-Afrika praat en dink ons nie juis so nie. Dit is nog woelige jare: oorgangsjare, op pad na 'n nuwe era. Ná 1980 sukkel ons met die nagevolge van volksverraad, kerkverraad en veral Skrifkritiek. Daarom is dit 'n bron van groot dankbaarheid dat verteenwoordiging van so 'n "regterflank" van verskillende kerklike gemeenskappe gevind kon word vir hierdie grootse projek.

- As **vertalers** tree op: dr. Hannes Breytenbach (Vrye Gereformeerde Kerk), dr. Lourens Erasmus (NG Kerk), dr. Barend Hefer (Gereformeerde Protestantse Kerk), ds. Slabbert Le Cornu (GKSA), dr. Gerard Meijer (GKSA), ds. Hannes Noëth (GKSA) en prof. dr. Gerrit Smit (AP Kerk).
- As **leeskommissie** in Suid-Afrika tree op: Theon Schinkel, Rik van de Kamp, Arie Beest, Martin van Nieuwkoop, Jaco Boer, Joost van de Bosch en Jan Breeweg.
- Die **redaksie** bestaan uit prof. dr. Koos Adendorff, Cor Boer, prof. dr. Johan Bosman en ds. Jan Weststrate (met 'n Ph.D.). As eindredaksie in Nederland tree ook nog op Christian Bremmer en Alexander Thomson, terwyl die daaglikse bestuur van die GBS 'n wakende oog bly hou oor die hele projek.

Verklarende aantekeninge

In 1933 het daar iets baie mooi, maar tegelyk ook betreurenswaardig gebeur. Onder die mooie kan vir seker die Bybel in Afrikaans vermeld word. Hoewel in 1919 deur kerke besluit is om Afrikaans tydens die erediens te gebruik, neem dit nog tot 1925 vir Afrikaans om 'n

Vervolg op p. 40



Hy het afgesluit deur al die verskillende offers in meer besonderhede te bespreek en veral te fokus op die funksie van hierdie wette, die voorskrifte daaroor en hoe elkeen na Christus heenwys.

Ná teetyd was mev. Marguerite Brink aan die woord. Met Levitikus 12:1-8 as voorbeeld het sy praktiese wenke gegee vir die ontleding van 'n spesifieke teksgedeelte.

Eerstens bestaan goeie Bybelstudiemetodiek uit **observasie**. Die teks word verken deur dit eerstens 'n paar keer aandagtig deur te lees en verskillende Bybelvertalings met mekaar te vergelyk. Aantekeninge kan ook gemaak word. Mev. Brink het ons ook gewys hoe om deur eenvoudige tegnieke by die kern van 'n spesifieke gedeelte uit te kom, asook hoe om verskillende ander aspekte soos die sosiale konteks van die gedeelte, die

gebruik, tradisie, ekonomie, politiek wat in die Bybelstudiegedeelte na vore kom, in ag te neem.

Nadat die teks geobserveer is, moet daar **geïnterpreteer** word. Die betekenis moet vasgestel word. Om dit reg te kry, help dit veral om die boodskap in jou eie woorde te formuleer, die teksgedeelte aan die res van die Bybelboek en die Bybel te verbind en 'n kerngedagte vas te stel.

Ten slotte volg die **toepassing**. Dit gebeur deur plekke in jou eie lewe te identifiseer waar jy die beginsel van die boodskap kan raaksien. Die boodskap beïnvloed ons daaglikse roetine, ons denke, ons gesindhede, ons woorde en ons dade.

Wat 'n leersame, inspirerende oggend was dit nie! Mag die gebruik in meer gemeentes neerslag vind. ☺

HERDRUK PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK

Ons kry heelwat navrae oor wanneer die volgende druk van ons liederebundel gereed sal wees. Weens die feit dat ons oorspronklike drukwerk verlore geraak het by die uitgewers en slegs die eerste uitgawe se teks beskikbaar was, was ons genoodsaak om geweldig baie proefleeswerk en hersiening daaraan te doen. Alle verbeterings en veranderings wat sedert die eerste uitgawe aangebring is, moes weer aangebring en nagegaan word. Dit is egter 'n tydrowende proses (ons is al 'n jaar lank besig!), veral omdat ons graag 'n goeie produk aan lidmate wil lewer. Ons is bykans gereed om die tekste af te teken sodat dit gedruk kan word. Daar is enkele aspekte wat nog gefinaliseer moet word. Die drukwerk vind in die buiteland plaas en kan solank as drie maande duur. Ons deel u frustrasie, maar vra asseblief elke lidmaat se begrip, geduld en voorbidding vir hierdie projek – Redakteur.

Vervolg vanaf p. 37

Die Reformatoriese Studiebybel

amptelike plek in die landstale oop te skrop, maar die Bybel self kom eers in 1933. Waarlik 'n wonder vir so 'n jong erkende taal. Die betreurenswaardige is die feit dat die verklarende aantekeninge by die Statevertaling in die vergetelheid geraak het.

In daardie dae was die deursnee spreker van Afrikaans veel nader aan die Nederlandse taal en die gebruik van die Statebybel met verklarende aantekeninge. Vandag is ons egter ver daarvandaan verwyder. Selfs die Reformasie blyk in onguns by 'n groot aantal volksgenote en kerk-gangers te wees. Daarom is daar so 'n groot behoefte aan dié aantekeninge wat vanaf 1652-1933 ons voorgeslagte geestelik gevoed het.

Ou Spore – Nuwe weë

Lees gerus Totius¹ se reeks artikels oor die vraag: *Wat is Skrifkritiek?* In 1930 wys hy reeds in verwysing na die Statevertaling se verklarende aantekeninge hoedat drastiese Bybelverklaring regkry om onvaste siele te kweek. Sedertdien leef ons in geweldige verwarring in Afrikaans. *Reformatoriese Studiebybel* wil sê: "Dit bevat die gedagtegoed van die 16e eeuse kerkreformasie". In die plek van teorieë wat verander met elke vertolker is destyds reeds gesoek na die standhoudendheid van die eeue. Eietydse weë het vandag 'n behoefte daaraan dat sulke spore in Bybelverklaring weer getrap word. ☺

1 Versamelde werke 1, 1977, bl. 41-56. Kaapstad: Tafelberg.